H O O F S T U K 2.

DIE INDIËR IN SUID-AFRIKA

Soos in die vorige hoofstuk aangedui, is die doel van hierdie ondersoek hoofsaaklik om vas te stel wat die belangstelling vir Liggaamlike Opvoeding en die fisieke aanleg van die Indiërseuns in sekere leeftydsgroepe is. Ten einde die resultate van die versamelde gegewens reg te kan interpreteer, is dit nodig dat die bevolkingsgroep - hulle oorsprong, godsdiens, lewenswyse, sosiale struktuur en sosiale omstandighede, - enigsins nader bestudeer moet word. Hierdie faktore sal in 'n baie groot mate hulle belangstelling, fisieke bekwaamheid en fisieke moontlikheid bepaal.

Die Indiër behoort, volgens die indeling van antropoloë soos Taylor [1] en Coertze [2], tot die Kaukasiese ras. Volkekundiges [3] is dit eens dat daar nog onduidelikheid bestaan oor die oorsprong van die verskillende rasse. Daar bestaan ook geen vaste kriteria waarvolgens persone of bevolkingsgroepe geklassifiseer kan word nie. Verbastering en vermenging het ook plaasgevind en dit bemoeilik die tipering van bevolkingsgroepe as behorende tot 'n suiwer ras. [4] Vir

/die .....

---

1) Taylor: Geography in the twentieth century, p. 458
2) Coertze: Inleiding tot die algemene Volkekunde, p. 29
3) Engelbrecht: Apartheid en die toepassing van die beginsels daarvan in die skoolopvoeding in S.A. 1652 - 1956, p. 25
4) Klineberg: Race differences, p. 25

die doel van hierdie ondersoek word aanvaar dat die Indiër in hoofsaak tot die Kaukasiese ras behoort.

Om 'n beter beeld van die Indiër te verkry, sal vervolgens kortliks gelet word op die ontstaan van die Indiërvolk in Indië en die lewensomstandighede van die Indiërs in Natal.

1. Die ontstaan van die Indiërvolk in Indië.

Alvorens die Indiërs in S.A. bespreek word, is dit nodig om kortliks die ontstaan van die Indiërvolk in Indië te skets.

Volgens Coertze [1] was die grootste konsentrasie Kaukasiërs in Wes-Europa. Daarvandaan het hulle suid- en suidooswaarts beweeg tot in Noordwes-Indië.

Die inheemse bevolking van Indië van ongeveer 1,000 v.C. was volgens Bruwer [2] bekend as die Drawidiërs. Hulle was 'n donker ras en kort van gestalte. Op daardie tydstip, het daar volgens Bruwer [3] 'n volk in die berge van Iran, wat toe 'n deel van die Persiese ryk was, geleef. Hulle was bekend as die Ariërs en was lig van velkleur, baie intelligent,

/sterk .....

---

1) Coertze: Inleiding tot die algemene Volkekunde, p. 26
2) Bruwer et al: Race studies for std. VI, p.123
3) Ibid. p.123

sterk en 'n herdersvolk. Klineberg [1] beskryf hulle as die „supreme race" en beskou hulle as die skeppers van die beskawing.

Coertze [2] verwys na die Kaukasiërs van Indo-Germaanse oorsprong wat teen 1,500 v.C. suidwaarts uit die Punjab beweeg het. Hy verwys klaarblyklik hier na die Ariërs.

In die Noorde van Indië het hulle met die Drawidiërs in aanraking gekom en hulle onderwerp. Ondertrouery met die Drawidiërs het meegebring dat die Ariërs verbaster het en so hul blanke voorkoms verloor het. So ontstaan daar dus 'n nuwe ras, bekend as die Vedas.[3] Dat die Ariërs veel moes inboet as gevolg van hierdie verbastering, ly geen twyfel nie, soos Klineberg dit stel: „Civilization sprang from the Aryans, declining when the Aryan blood became diluted. [4]

Teen 700 v.C. regeer die Vedas die hele Indië. [5]

/In .....

---

1) Klineberg: Race differences, p. 3
2) Coertze: Inleiding tot die algemene Volkekunde, p. 29
3) Ibid, p. 30
4) Klineberg: op.cit. p.3.
5) Bruwer et al: Race studies for std. VI, p.123

In die Noorde van Indië, waar die eerste kontak tussen die Ariërs en die Drawidiërs plaasgevind het, was die Vedas die ligste van velkleur en het hulle bekend gestaan as die Brahmane. [1]

Die Brahmane het veral die ontwikkeling van die intellek as die hoogste vorm van beskawing beskou en uit hulle geledere het filosowe gekom en onder hulle het verskeie godsdiensvorme sy beslag gekry. [2]

Volgens Bruwer [3] het die Brahmane, weens hulle filosofiese vermoëns, bekend geraak onder die volk, al sou hulle alleen kon onderskei tussen reg en verkeerd. Dit is ook aanvaar dat die gewone man, indien hy in die Gode se guns wou kom, die voorskrifte van die Brahmane moes navolg. Hierdie lewenspatroon was waarskynlik die begin van die klasseverskille of kastes in Indië, wat vandag nog bestaan. Volgens Coertze [4] is die hoogste kaste in Indië vandag nog die Brahmane. Hulle het die ligste velkleur en dit dui nog op die oorheersende blanke erfenis van hul Ariëse voorvaders.

/Die .....

---

1) Bruwer et al: Race studies for std. VI, p.123
2) Ibid. p. 123
3) Ibid. p. 123
4) Coertze: Inleiding tot die algemene Volkekunde, p. 29

Die bevolking van die Suide het, uit die aard van die stadige migrasie van die Ariërs uit die Noorde, minder blanke bloed in hul are gehad en dus nog die oorheersende donker voorkoms van die Drawidiërs. Volgens Kuper [1] is dit juis in die Suide waar die kastestelsel die sterkste op die voorgrond tree.

Hierdie bewering van Kuper word bevestig deur 'n persberig [2] waarin beweer word dat die Indiese regering gedurende die afgelope twee dekades geen sukses gehad het in hul verklaarde beleid van gelykstelling van alle mense in Indië nie.

Hellmann [3] beweer dat die klasseverskille in Indië van 'n beroepskundige aard is wat die volk inderwaarheid in vier kategorieë verdeel, tewete Brahmane, Kshatriya, Vaisya en Sudra. Volgens hulle bevindings is die Brahmane die bewakers van die intellektuele en geestelike erfenis van die ras; die Kshatriya die voogde van die sosiale magte; die Vaisya die beoefenaars van die ekonomie, terwyl die

/Sudra .....

---

1) Kuper: Indian people of Natal, p. 17
2) Daily News: Untouchables still shunned in India, p. 8
3) Hellmann et al: Handbook on race relations in South Africa, p. 576

Sudra die groep verteenwoordig wat nie by die voorafgaande groepe ingeskakel kan word nie.

Hieruit blyk dit duidelik dat die Indiërs wat, weens die biologiese en kulturele erfenis van hul Ariese voorvaders op 'n hoër beskawingsvlak beweeg as die sg. „Harijans"*, die tevrede sou wees om op gelyke vlak met hulle gestel te word met hul aankoms in Suid-Afrika nie. Volgens Kuper [1] het die meerderheid van die sogenaamde „passasier immigrante", dit wil sê diegene wat hul eie passaat kon bekostig, uit die noordelike en sentrale provinsies van Indië gekom. Verder het die kastestelsel in Indië dit duidelik laat blyk dat dit gaan oor die draers van 'n hoër kultuur en die draers van 'n laer kultuur wat vererger is deur die blanke en nie-blanke velkleur. [2]

Dit is dan kortliks die agtergrond van die Indiër wat bereid was om eerstens as ongeskoolde donker suidlanders in die suikerplantasies van Natal

/as .....

---

*. „Harijans" - die naam wat Mahatma Gandhi gegee het aan die laagste klas in Indië, die sogenaamde "onaanraakbares".

1) Kuper: Indian people of Natal, p. 17

2) Coertze: Inleiding tot die algemene volkekunde. p.30

as kontrakarbeider te kom werk, gevolg deur die meer ontwikkelde Indiër uit die noordelike en sentrale provinsies. [1]

2. Die Indiërs in Natal.

Om die Indiër in Natal na behore te kan verstaan, is dit nodig om die volgende fasette van sy leefwyse enigsins toe te lig, naamlik Kastestelsel, Godsdiens, Taal, Gesondheid en Intellek. Dit is immers op grond van sy sosiale gedragspatroon, Godsdiens en kultuur wat een ras van 'n ander verskil [2] en hierdie verskille sal duidelik blyk uit wat eie is aan die Indiër.

(a) Die Kastestelsel.

Uit die voorafgaande, is dit duidelik dat daar hoofsaaklik twee soorte Indiërs na Suid-Afrika gekom het. Hierdie twee groepe het bestaan uit die oorspronklike kontrakarbeiders, gevolg deur die meer gegoede „passasiers"-immigrante.

Hellmann [3] se ondersoek dui daarop dat slegs 'n klein persentasie van die Indiërs wat na Suid-Afrika

/gekom .....

---

1) Kuper: Indian people of Natal, p. 17
2) Eloff: Psigogenetiese rasverskille tussen blank en nie-blank, pp. 22-24
3) Hellmann et al: Handbook on race relations in South Africa, p. 576

gekom het, aan die Brahman en Kshatriya-kaste behoort, terwyl ongeveer twee-vyfdes van die Hindoe-bevolking afstammelinge van die Vaisya-klas is. Die res behoort tot die Sudra-klas.

Volgens Kuper [1] was dit nie moontlik om die kastestelsel van Indië hier in Suid-Afrika gevestig te kry nie. Sy stel dit so: „The indentured Indians who came to South Africa, could not recreate, even had they so desired, the variegated and yet interlocking social pattern which had been built through the ages on the Indian continent. Caste is a closed social system which could not be transported into the new society ..... Coming as labourers, not lords not even traders, the indentured Indians could not impose (or even maintain) their traditional values and social structure".

Om egter hieruit af te lei dat die kastestelsel nie onder die Indiërs, veral in Durban, bestaan nie, sou verkeerd wees, soos Kuper [2] ook tereg daarop wys. Die stelsel word gehandhaaf op 'n persoonlike basis in 'n indiwidu-tot-indiwidu-verhouding, alhoewel die bestaan van so'n stelsel normaalweg geen erkenning

/geniet .....

---

1) Kuper: Indian people of Natal, p.20
2) Ibid. p.20

geniet nie.

(b) Die Godsdiens van die Indiër.

Minder as 20% van die kontrakarbeiders wat na Suid-Afrika gekom het, was nie Hindoes nie.[1] 'n Uitstaande kenmerk van die hedendaagse Suid-Afrikaanse Hindoe is sy beklemtoning van sy godsdiens. „Die grondslag van die Hindoeïsme bied geen algemeen aanvaarde belydenis nie."[2] Dit is nie 'n eng formele godsdiens nie, maar eerder 'n benadering tot die lewe self. Dit bevat gedagterigtings en praktyke wat oor 'n periode van duisende jare saamgesnoer is tot 'n godsdiens. Alhoewel dit sy oorsprong het by die Drawidiërs en die Vedas, het dit oor die jare heen ook sekere sektariese gebruike en selfs sekere aspekte van die Christelike godsdiens in sy leerstellings opgeneem.

Kuper[3] som die Hindoeïsme in Suid-Afrika soos volg op: „In South Africa, with its conglomeration of peoples of different cultural background, Hinduism has again responded not by closing its doors, but by

/extending .....

---

1) Kuper: Indian people of Natal, p. 7
2) Meyer: Die Asiaat in Afrika, p. 98
3) Kuper, op cit. p. 187

extending both its dogma and ritual. Men who claim to be Hindus may worship one God, many gods or no god, and they can approach their concept of the Divine through meditation or sacrifice."

Die mees resente statistiek [1] aangaande geloof by die Indiër dui aan dat, volgens die 1960 sensus, 72,2% van die S.A. Indiërs die Hindoegeloof aanhang, 19,4% die Islamitiese geloof, 4,9% die Christelike geloof en 0,8% die Buddiste-geloof (wat eintlik maar 'n vertakking is van die Hindoeïsme). 'n Totaal van 92,9% van die Indiërbevolking in S.A. hang dus 'n Oosterse geloof aan.

(c) Taal.

Cronje [2] se bewering aangaande die feit dat 95,2% van die Indiërbevolking in Natal nog 'n Oosterse taal tuis praat, kan nie as juis aanvaar word nie. Gegewens vervat in die S.A. Jaarboek 1970 [3] dui aan dat, na raming, ongeveer 2% van die totale Indiërbe-

/volking .....

---

1) State of South Africa: Economic, financial and statistical year-book for the Republic of South Africa 1970, pp. 94-96.
2) Cronje: Afsonderlike ontwikkeling vir Indiërs, pp. 1-3
3) State of South Africa, op cit., pp. 94-96

volking 'n Blanke taal as hul huistaal gebruik. Ook hierdie gegewens dui op 'n onderskatting in die lig van statistiek vervat in 'n publikasie [1] van die Departement van Inligting wat daarop dui dat 14% van die Indiërbevolking in Suid-Afrika Engels as huistaal gebruik.

Laasgenoemde gegewens is vir die jaar 1960. Alle aanduidings bestaan dat die gebruik van Engels as huistaal in die dekade sedert 1960 geweldig toegeneem het. Gesaghebbendes [2] is die mening toegedaan dat die persentasie vandag 25% oorskry. Hierdie skatting is gedoen vanweë die feit dat die opkomende geslag, met weinige uitsondering, glad nie 'n Oosterse dialek suiwer kan praat nie.

Amptelike syfers volgens die 1960 [3] sensus, dui daarop dat 83% van die Suid-Afrikaanse Indiërs een van die volgende tale praat: Tamil, Telegu, Hindi, Gujarathi of Urdu. Volgens hierdie bron praat slegs 'n „minderheid" Afrikaans.

---

1) Dept. van Inligting: Indian South Africans, pp. 2-3
2) Mondelinge inligting verkry van Indiër skoolhoofde en inspekteurs van onderwys in Natal.
3) Dept. van Inligting: op.cit. pp. 2-3

Indien taal en godsdiens as kriterium gebruik word om Blanke en Bantoe van mekaar te skei, weens die groot verskil in kulturele agtergrond, dan moet hierdie kriterium, in die lig van voorafgaande, ook van krag wees ten opsigte van die Blankes, Bantoes en Indiërs. Ons het hier te doen met drie verskillende rasse wat na kulturele behoeftes en agtergrond inherent van mekaar verskil en dus moet aanvaar word dat hulle afsonderlik van mekaar sal en moet ontwikkel.

(d) Gesondheid:

Die gesondheid van die Indiërs van Durban en omstreke word, volgens Kuper,[1] hoofsaaklik deur die volgende faktore beïnvloed: oorbevolking van 'n huis, swak sanitêre gewoontes en, gepaardgaande met 'n groot en onbeplande familie-aanwas, armoede. Sy bevind dat die gemiddelde werkersklas, uit 'n huisgesin van 10 lede bestaan.

Die swak sanitêre leefwyse waaronder baie Indiërs woon, word geïllustreer deur Kuper [2] wat

/beweer .....

---

1) Kuper: Indian people of Natal, p. 236
2) Ibid, p. 236

beweer dat die verwydering van afval, van menslik of dierlike aard, in baie gevalle ontoereikend is. Gepaardgaande hiermee, is die hoë voorkoms van verskeie soorte siektes, veral respiratoriese-, vel-, en ondervoedingsiektes asook 'n hoë voorkoms van ingewandsontsteking. 'n Gesaghebbende in mediese kringe in Durban, dr. G.D. Campbell, hoof van die Beatricestraatse kliniek vir Indiër diabete, het bevind dat meer Natalse Indiërs beswyk aan hartaanvalle as hul Blanke rasgenote. [1] In 'n onderhoud met Campbell beweer hy dat dit toe te skryf is aan die oorvloedige gebruik van geraffineerde kosstowwe wat die Indiërs eet soos rys, witbrood en suiker.

Die Staats Mediese Gesondheidsbeampte bevind dat die hoofoorsake van sterftes by Indiërkinders longontsteking, maagaandoenings en vroeë geboortes is, terwyl by volwassenes longontsteking en longterin die meeste sterftes veroorsaak. [2]

Chrichton [3] dui aan dat die eerste stappe tot

/rasionele .....

---

1) Breytenbach: Wat nie dood maak, maak vet, pp. 20-2
2) Kuper: Indian people of Natal, p. 236
3) Singh: A survey of hospitals, clinics and social services for the Indian community of Durban, p.3

rasionele gesondheidsbeplanning in Natal, gebaseer op 'n wetenskaplike studie, in die lig van bestaande tekortkominge, eers in 1960 gedoen is. Hy bevind voorts dat, indien die Indiërgemeenskap 'n gesonde gemeenskap was, die benodigde aantal hospitaal-beddens minder as die helfte (volgens internasionale standaarde) sou wees van wat tans vereis word.

Kuper [1] lê egter die vinger op die probleem met haar bevindings dat ....: „The approach of the South African Hindus to health is strongly influenced by their religion : it values tradition and is built on faith, it is distinct from, but not hostile to the scientific approach that rejects, hypotheses which cannot be objectively proven." Die meerderheid van die Indiërs, soos vroeër in hierdie hoofstuk vermeld, hang die Hindoegeloof aan en hulle benadering is dat alle siektes en ongesteldhede veroorsaak word deur 'n skuldgevoel weens verkeerde dade en dit kan bestry word deur die beoefening van die geloof.[2]

/„Mediese .....

---

1) Kuper: Indian people of Natal, p.241
2) Ibid. p.241

„Mediese praktisyns" wat die Hindoe-bevolking in Suid-Afrika bedien, kan geklassifiseer word as diegene wat opgelei is volgens aanvaarde wetenskaplike metodes en diegene wat hul kennis hoofsaaklik opgedoen het ooreenkomstig „heilige geskrifte" - 'n pasiënt kan dus maklik die slagoffer word van 'n leek.[1] Siekteverskynsels word dus in baie gevalle gesien in die lig van hul religieuse beskouinge en die Hindoe glo dat die oorsaak van baie soorte siektes gesoek kan word in die afwesigheid van eensgesindheid en harmonie tussen mense.[2]

In die lig van die voorafgaande, is dit duidelik dat daar by 'n groot groep Indiërs totale onkunde heers oor wat die basiese vereistes is ten opsigte van sindelikheid en gesondheid. Om hierdie klaarblyklike onkunde die hoof te bied, beveel Chrichton [3] aan dat daar beter voorsiening vir voorligting in gesondheidsopvoeding vir die skoolgaande bevolking gemaak moet word.

(e) Intelligehsie:

Die Indiërgemeenskap is tans besig om van dag

/tot .....

---

1) Kuper : Indian people of Natal, p. 245
2) Ibid. p. 242
3) Singh: A survey of hospitals, clinics and social services for the Indian community of Durban, p.4

tot dag te verander weens die versnelde indiensneming in sekere beroeps- en vakkundige rigtings. [1] Hierdie verandering kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die Indiër stadigaan besig is om homself vakkundig en skolasties beter toe te rus (sien hoofstuk 3). Die broodwinner van die huis, indien hy die vereiste skolastiese agtergrond het, bevind hom in 'n posisie waar daar sterk meegeding word om sy dienste.[2]

Om egter in die lig hiervan te aanvaar dat die Indiërbevolking in die geheel skolasties op 'n hoë peil verkeer, sou verkeerd wees. Gegewens dui daarop dat die aanvraag na skoolgeriewe in die jare sedert 1928 tot en met 1962, met bykans 500% toegeneem het.[3] Hierdie geweldige aanwas in die skolastiese bevolking het egter nog nie die agterstand uitgewis teenoor die Blanke se peil van onderwys nie.

Gepaardgaande hiermee is ook die kultuurhistoriese agtergrond van die Indiërkind wat hom soms in 'n wêreld vol konflikte en frustrasies dompel soos ook deur

/Logue .....

---

1) Gerdener: Die Asiaat in Afrika, p. 69
2) Ibid, p.70
3) Dept. van Inligting: Indian South Africans, pp. 4 - 9

Logue [1] bevind is.

Met die toepassing van die S.A. Groeptoets vind Logue [2] dat daar 'n progressiewe afname in die intelligensiekwosiënt is namate die ouderdom van die kind toeneem. So byvoorbeeld bevind hy dat die gemiddelde intelligensiekwosiënt van 'n elfjarige groep 104 is, terwyl die intelligensiekwosiënt van 'n sestienjarige groep slegs 77 is. (Vir Blankes is dieselfde syfer 100 en 100 respektiewelik). Hy skryf die afname toe aan die nadelige invloed van ongunstige vroeë lewensomstandighede op hul latere intellektuele ontwikkeling. Nêrens egter staaf hy hierdie bewering deur ondersoeke wat plaaslik op hierdie rassegroep uitgevoer is nie. Dit moet dus aanvaar word dat, volgens Logue se bevindings, die Indiërs op sestienjarige ouderdom minder intelligent blyk te wees as sy Blanke rasgenoot. Voeg hierby die verskynsel dat die oorgrote meerderheid skoolkinders 'n gebrekkige kennis het van Engels as voertaal in die skool (soos vroeër aangetoon), dan

/is .....

---

1) Logue: The standardisation of a battery of intelligence and achievement tests suitable for Indian primary school children in Durban, p.119
2) Ibid. p.119

is dit te verstane waarom hy nog 'n groot agterstand het om in te haal by die Blanke. Logue [1] wys daarop dat dit nie aanvaar moet word dat die Indiër skoolkind op 'n gegewe ouderdom, aan die minimum taalvereistes (Engels) voldoen nie. Hy beweer dat, indien navorsers dit nie besef nie, hulle moontlik verkeerde gevolgtrekkings kan maak deurdat die skolier hom nie na behore kan uitdruk in die Engelse taal nie.

Samevatting

Uit die voorafgaande kan samevattend gesê word dat, vanweë godsdienstige, kulturele en rasseverskille, die Indiër onassimileerbaar met enige gevestigde bevolkingsgroep in Suid-Afrika is. Die Indiër sal, weens die aard van sy herkoms, voortgaan om homself as 'n aparte godsdienstige en kulturele rassegroep te handhaaf.[2]

---oOo---

---

1) Logue: The standardisation of a battery of intelligence and achievement tests suitable for Indian primary school children in Durban, p. 67
2) Meyer: Die Asiaat in Afrika, p.111